Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2023

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MUNISIPALE REKENING HOËR AS GEWOONLIK? DIS DALK HOEKOM.

DIE NUWE MUNISIPALE TARIEWE HET OP 1 JULIE 2023 INGESKOP.

Die Raad het sy begroting vir die 2023/2024-boekjaar op 31 Mei 2023 aanvaar. Dienooreenkomstig is daar ooreengekom dat die mandjie van tariewe, uitgesonder elektrisiteit, gemiddeld met tussen 6,5% en 7,5% sal styg, afhangende van waterverbruik.

- *Let daarop dat alhoewel NERSA 'n verhoging van 18% voorgestel het, ons slegs toegelaat word om 'n verhoging van 15,1% op elektrisiteitstariewe te hef.*
- *Let ook daarop dat vir ouditdoeleindes alle waterverbruiklesings teen 30 Junie 2023 afgesluit moes word. Gevolglik kan die aantal dae tussen lesings wat op jou munisipale rekening vir Junie aangetoon word, aansienlik verskil van die aantal dae aangetoon op jou Julie-rekening. Dit gebeur slegs eenmalig aan die einde van 'n boekjaar.*

Voorts het **DIE NUWE WAARDASIEROL** in werking getree, en eiendomsbelasting sal voortaan bereken word gegrond op die waardes soos aangegee in hierdie rol.

ARM HUISHOUDINGS MOES VOOR 31 MEI 2023 REGISTREER

om vir die deernishulpsubsidie te kwalifiseer om 10 kℓ water, 50 kWh elektrisiteit en 7 kℓ se riolering gratis per maand te ontvang.

As jy aan die kriteria voldoen om vir die deernishulpsubsidie te kwalifiseer en nog nie herregistreer het nie, besoek asseblief jou naaste munisipale kantoor so gou doenlik om dié sakie reg te stel.

☛ *Neem kennis dat Overstrand die omvang van hulpbehoewende huishoudings wat vir deernishulp kan kwalifiseer, uitgebrei het.*

Hierdie wysigings hou meestal verband met die wyse waarop kwalifisering gegrond op inkomste (d.w.s. 'n afsnypunt van R8 321 per huishouding per maand) bereken word.

MOENIE DAT JOU MUNISIPALE REKENING AGTERSTALLIG RAAK NIE

Dit gaan onteenseglik maar bars, en meer en meer huishoudings vind dit moeilik om hul finansiële verpligtinge na te kom gegewe die huidige ekonomiese klimaat waarin ons ons bevind.

Veel eerder as om jou in 'n situasie te bevind waar munisipale dienste gestaak word omdat jy nie jou rekening betaal het nie, moet jy die departement finansies by jou naaste munisipale kantoor betyds gaan spreek sodat reëlings getref kan word vir afbetalings oor 'n langer tydperk.

RONDUIT MAAR OPBOUEND: DIS DIE REGTE INGESTELDHEID!

Die *First Thursday*-byeenkoms wat in Augustus in Bettysbaai gehou is, is 'n sprekende voorbeeld van politici, administrateurs en besorgde burgers in die Overstrand se bereidwilligheid om ronduit oor nypende kwessies te praat en dan saam werkbare oplossings te bedink sodat sulke aangeleenthede op 'n konstruktiewe wyse bygelê kan word.

Gegewe die verwoesting wat die onlangse swaar reën gesaai het, is dit te verstane dat kwessies rondom die dringende noodsaaklikheid om te sorg dat opdrifsels nie weer verstopte slote en deurlate tot gevolg het nie en dat beskadigde paaie so gou as moontlik herstel word, voorrang geniet het.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, sowel as munisipale bestuurder, Dean O'Neill, was daar om aandagtig te luister na inwoners se wroeginge en voorstelle en om hulle te verwys na die teenwoordige direkteur of departementshoof wat hulle daar en dan van die nodige advies of leiding kon bedien.

Soos Burgemeester Rabie dit gestel het: "Die ideale plek om daai kwelvraag of klagte te opper of om die allerbeste oplossing voor te stel, is die First Thursday*-byeenkomste. Daag op: Ons verwelkom almal se op-die-man-af-, konstruktiewe insette."*

OVERSTRAND WES-KAAPSE AFVALBESTUURKAMPIOEN

Craig Mitchell (bestuurder: vasteafvalbeplanning) oorhandig die toekenning aan die munisipale bestuurder Dean O'Neill in die geselskap van Stephen Müller (direkteur: infrastruktuur en beplanning).

In plaas daarvan om mee te ding om die "skoonste" en/of "groenste" dorp in die Wes-Kaap te wees, moet munisipaliteite deesdae kan aantoon dat hulle hul uiterste bes doen om in alle opsigte 'n gesonde omgewing te handhaaf deur bewyse voor te lê dat hulle oor die vermoë beskik om planne te beraam sodat vasteafvaldienste op 'n volhoubare wyse gelewer kan word.

Negentien van die vier-en-twintig munisipaliteite in die Wes-Kaap het voorleggings vir evaluering deur die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP) ingedien.

Dit is dus 'n besonderse prestasie dat Overstrand met die louere weggestap het, soos aangekondig by die 55ste Forum van Wes-Kaapse Afvalbestuursbeamptes wat op 18 Augustus in Bredasdorp gehou is. Stellenbosch het die tweede plek behaal en Saldanha was derde.

"Dit is regtig 'n eer om erken te word vir ons pogings om afval op 'n volhoubare wyse te bestuur, te herwin en verminder, en ons is geweldig trots op ons toegewyde amptenare en vasbeslote belanghebbendes wat deurentyd hul bes doen om te verseker dat ons gemeenskappe in 'n skoon, groen en gesonde omgewing kan floreer. Ons is soveel dank aan julle verskuldig," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê.

Hier verskyn Belinda Langenhoven (DEA&DP), David Wright (Saldanha), Craig Mitchell (Overstrand), Saliem Haider (DEA&DP), Clayton Hendricks (Stellenbosch) en Evodia Boonzaaier (DEA&DP).

ONRUS-ABLUSIES ONDERGAAN "VERJONGINGSKUUR"

Gegewe sy unieke karakter is Onrus se strand uiters geliefd onder beide brander-plankryers en gesinne wat graag met hul kleuters op die strand wil baljaar.

Die tyd het nou aangebreek om die strand se verouderde ablusiegeriewe op te gradeer tot op 'n standaard waar dit aan die ietwat uiteenlopende behoeftes van sy "liefhebbers" voldoen.

Die opgradering van die ablusiefasiliteite sal oor 'n tydperk van twee jaar in twee fases afgehandel word:

- **FASE 1** behels die opknapping van die toilette, urinale en handwasbakke vir voltooiing vóór die aanvang van die lente-/somervakansieseisoen.
- **FASE 2** behels die installering van toilette vir gestremdes, storte en 'n area waar babas se doeke geruil kan word.

Daar word ook beoog om die dak te vervang en om 'n nuwe uitkykpunt vir lewensredders op te rig, maar hierdie planne is onderworpe aan die omvang van die kapitaalbegroting in komende boekjare.

SÓ STAAN SAKE MET AANSOEKE OM PENSIOENARISKORTINGS

As u aansoek gedoen het om 'n pensioenariskorting en daardie korting nog nie op u jongste munisipale rekening wys nie, moet asseblief nie hieroor besorg wees nie.

Alle aansoeke om 'n pensioenariskorting wat tot en met 30 September 2023 ontvang is, sal verwerk word en, indien goedgekeur, sal daardie korting vanaf Julie 2023 geld.

Indien 'n aansoek onsuksesvol was, sal die aansoeker teen nie later nie as 31 Oktober 2023 van die uitslag verwittig word.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

- Enigeen wat steeds vir 'n pensioenariskorting aansoek wil doen, moet daardie aansoek vóór **30 September 2023** indien. Laai die aansoekvorm via ons webwerf www.overstrand.gov.za af, of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za om bystand in hierdie verband te versoek.
- Aandag sal slegs geskenk word aan navrae rakende die uitkoms van aansoeke om 'n pensioenariskorting ***na die sluitingsdatum, m.a.w. vanaf 1 Oktober en daarna.***

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband en bied u die gerusstelling dat alle aansoeke so spoedig as moontlik verwerk sal word.

SPRAK JOU SPROOK

Konsepverordening insake die aanhou van honde en katte



Inwoners het tot 4 September 2023 tyd om kommentaar te lewer op die voormelde voorgestelde verordening wat ter insae lê by enige munisipale kantoor of openbare biblioteek of via die "*Documents*"-oortjie afgelaai kan word van Munisipaliteit Overstrand se amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za.

Die huidige voorstel is dat eienaars toegelaat moet word om hoogstens twee honde en drie katte op enige erf of perseel aan te hou, tensy die munisipaliteit vooraf toestemming tot die teendeel verleen het.

Voorts word daar voorgestel dat honde-eienaars in die toekoms hul honde vrylik kan laat rondhardloop in ruimtes binne die munisipale gebied wat spesifiek vir hierdie doel afgebaken is.

Kommentaar rakende die konsepverordening kan vir die aandag van die munisipale bestuurder per e-pos gestuur word na enquiries@overstrand.gov.za.

NEGE ADDISIONELE RUGSTEUNKRAGOP-WEKKERS BINNEKORT FUNKSIONEEL

Danksy noodfondse wat deur die Wes-Kaapse Regering tot munisipaliteite se beskikking gestel is om die impak van beurtkrag op kritieke basiese dienste te verlig, het Munisipaliteit Overstrand R6,7 miljoen ontvang wat sedertdien aangewend is om addisionele rugsteunkragopwekkers aan te koop. Daardie kragopwekkers sal help om die werking van kwesbare water- en afvalwaterfasiliteite te beveilig.

Gegewe die verhoogde aanvraag vir kragopwekkers neem dit heelwat langer voordat hulle gelewer kan word. Desnieteenstaande is ses van die nege bestelde eenhede reeds teen einde-Julie afgelewer en die oorblywende drie in die loop van Augustus.

Twee van die eerste ses is geïnstalleer by rioolpompstasies (nl. Mosselrivier en Kleinmondtennisbane) en die res by by die Kleinmond, De Kelders en Pearly Beach waterbehandelingsaanlegte en die Klipgatfontein by De Kelders.

Die drie kragopwekkers wat in Augustus gelewer is, is bestem vir installering by die Gansbaai-afvalwaterbehandelingsaanleg, die Palmietrivier-rouwaterpompstasie in Kleinmond en die grootmaat-rouwaterpompstasie by die Kraaiboschdam in Gansbaai.

Alle kragopwekkers sal aan verskeie stadia van toetsing onderwerp word alvorens hulle in gebruik geneem word.

180 kVa – Tennisklub-rioolpompstasie, Kleinmond

200 kVa – Mosselrivier-rioolpompstasie, Hermanus

Vloerlys gereed vir volgende besending

Rouwaterpompstasie – Kraaiboschdam



BOBBEJAANBESTANDE VULLISDROMME 'N *MOET* IN SEKERE AREAS

Rooiels, Pringlebaai, Bettysbaai, Kleinmond (insluitende Arabella), 'n gedeelte van Hawston, 'n gedeelte van Onrus, Eastcliff, Fernkloof (insluitende die gholflandgoed), Hermanus Heights, Voëlklip en Kwaaiwater is almal verklaarde probleemdier-areas.

Huishoudings in hierdie areas moet van bobbejaanbestande vullisdromme gebruikmaak om van hul huishoudelike afval ontslae te raak.

Ongeag of daar van 'n rolvullisdrom of gewone vullisdrom gebruik gemaak word, alle dromme moet ten alle tye met 'n knipslot, strop, hangslot of klamp gesluit word.

Bobbejaanbestande 240-liter-rolvullisdromme, met slotte, kan by munisipale kantore gekoop word en sal by jou huis afgelewer word. Hierdie dromme kos R1 636 (BTW ingesluit).

Die meeste ysterwarewinkels hou ook rolvullisdromme aan, maar moet teen 'n addisionele koste met 'n bobbejaanbestande slot toegerus word.

Klaarblyklik kan gewone asblikke vir so min as R250 ook bobbejaanbestand gemaak word. Daar is private diensverskaffers in Overstrand wat hulp in hierdie verband kan verleen. Kontak die bobbejaanskakelgroep in jou dorp vir inligting.

ALLERBELANGRIK

- Afval in bobbejaanbestande houers moet teen **07:00 slegs op die oggend van die geskeduleerde afhaaldag** op die sypaadjie uitgeplaas word. Geen houers mag oornag op die sypaadjie gelos word nie.
- Geen oortollige asbliksakke mag langs of bo-op houers of langs munisipale dromme gelaat word nie. Daar moet met enige oortollige afval weggedoen word by 'n oorlaaistasie, publieke aflaaipunt of vullisterrein.
- Eienaars wat hul eiendomme oor naweke of gedurende vakansies verhuur, moet alle reëlings rakende die behartiging van huishoudelike afval onder hul huurders se aandag bring.